## Van die Hel tot die Hemel - Hfst 296

### Die avondlike westewand. `n Blik deur die eerste deur. `n Planetêre middelson, moeder van talryke planetêre sonne. Inrigting van die geestelike diorama (kykspel)

**Hoofstuk 296** Almal gaan nou weer die vertrek binne. Die eerste deur in die avondlike westelike wand staan al oop sonder dat iemand haar met die hand geopen het. Dit is vir ons Robert alweer aanleiding om te vra na die meganisme waardeur hierdie deure dan vanself geopen word.

[2] Daarop sê **Ek, JaHshua** vir hom: "Vriend, het jy nog steeds geen idee van die almag van My wil nie?" **Robert** sê: "O, vergeef my, beste Vader! Kyk, deur U groot vriendelikheid en minsaamheid vergeet mens dikwels heeltemal dat U almagtig is. Maar nou is alles alweer heeltemal in orde!"

[3] Nou gaan ons in die deuropening staan en voor die oë van die nuwe bewoners van die hemelse Jerusalem strek hom onafsienbare landerye uit. Groot riviere deurstroom hierdie onmeetlik uitgestrekte lande en hulle water straal sterker as al die lig van die son van ons aarde as dit op `n punt saamgebondel sou word. Groot, pragtig aangelegde tuine word by die wen aan die sterk lig van die riviere geleidelik aan sigbaar en in die middel skitter indrukwekkende, pragtige geboue, waarin die mense van hierdie ligwêreld gewoonlik woon. Bokant die ligriviere sien mens sterkstralende mensegedaantes swewe, wat onbeskryflik mooi gevorm is. Robert en nog enkele ander hou hulle hande voor hulle oë omdat hulle die sterk ligglans nie kan verdra nie, en hulle vra My, wat se wêreld dit tog kan wees.

[4] **Ek** sê: "Dit is `n middelson, waaromheen in wye bane miljoene kleiner **planetêre sonne** sirkel. Haar aantrekkingskrag is so groot, dat sy al die miljoene planetêre sonne met hulle planete in die afgebakende bane hou. Maar wat beteken al dié krag teenoor die krag van een van My geringste kinders! Ek sê vir julle: Middesonne is speelgoed in die hande van My kinders! Nou weet julle wat julle hier sien, en daarom sal ons die balkon weer verlaat en verder gaan na die tweede deur van die avondlike, westelike wand."

[5] **Robert** sê: "Heer en Vader, ek sou tog `n bietjie wil begryp hoe dit moontlik is, dat mens hier vanaf elke deur `n baie eie groot hemelliggaam sien, terwyl die deure tog maar enkele treë van mekaar verwyder is! Hoe kon sulke wêreld-kolosse in `n ruimte van enkele treë breed naas mekaar bestaan? Heer, ek beteuel my geduld soveel ek maar kan, maar dit help niks nie. Ek moet wel `n klein liggie ontvang, anders word ek selfs hier in die ryk van die volmaakte lewe nog siek."

[6] **Ek** sê: "Wel, siek sal jy verseker nie hier word nie, omdat `n siekte hier volstrek onmoontlik is. Te meer, omdat ek jou daaroor nou tog `n klein opheldering sal gee. Luister dus. Jy het al vooraf iets gesê oor `n geestelike "diorama." En dit is ook werklik so `n geestelike diorama, wat egter op ander optiese grondwette berus as `n aardse diorama.

[7] Kyk, elkeen van hierdie deure is in `n sekere sin `n geestelike, hol spieël. Word die deur geopen, dan sien jy dit, wat volgens `n ewige ordening in jou eie hart in die kleinste, maar nogtans mees volmaakte vorm woon. Staan jy nou voor een van hierdie hol spieëls, dan sien jy die mees vergrote spieëlbeeld van wat hom volgens `n ooreenkomstige ordening uit jou voorraad in `n sekere sin op die suiwer oppervlakte afspieël. Die spieël is hier egter nie van glas nie, maar bestaan uit die suiwerste hemellug. Sy is so gepolys, dat sy, as dit nodig is, `n volkome helder wand vorm, waarop sy weerkaats word, wat na die ordening van haar eie samestelling deur haar opgeneem kan word.

[8] Op aarde bestaan iets dergeliks ewenwel nie. Slegs die sogenaamde noodlot as lugspieëling kom enigsins in aanmerking daarvoor. Maar sy haal dit tog lank nie by die spieëlbeelde hier nie, want sy neem elke objek op wat sy voor haar plaas. Hierdie spieëlbeelde in My huis neem slegs op, wat met hulle ooreenstem. Iets wat meer daarna sou lyk, sou wel die verskillende kleurskakeringe deur `n prisma kon wees, waarby `n bepaalde vlak by een en dieselfde wending slegs `n bepaalde kleur terugkaats. Wat so `n prisma egter met die vormlose kleure doen, dit bewerkstellig die spieël hier met die vorms wat uit die harte van die voor hom staande engelgeeste op sy oppervlak straal en in ooreenstemming met die aard van sy eie oppervlak teruggekaats word.

[9] As Ek nou wil dat hierdie of `n ander spieël nie meer daar is nie, dan sal jy deur so `n deur vanselfsprekend slegs dit sien, wat My huis omgewe, wat na alle kante vry midde in die groot stad staan. Want die gewone aanskouing berus hier op dieselfde grondbeginsels as die sien op aarde, maar natuurlik in die mees suiwer krag.

[10] Aangesien so `n spieël egter beslis nie uit `n vaste wand bestaan nie, is daar voorsiening getref, waardeur elke gees, as nodig, ook dadelik met die snelheid van die gedagte op die werklike hemelliggaam kan kom, wat hy in die spieël sien. Dit geskied langs die weg van `n hemels-geestelike kontak. Hoe dit egter in sy werking gaan, dit, My beste vriend, sal vir jou alles mettertyd duidelik word. Wel, hoe lyk dit nou met jou siekte? Dink jy miskien nog dat jy deur jou ongeduld koors sal opdoen?"

[11] **Robert** sê: "O Heer en Vader, die liefde der aller liefde! Ek is nou weer so `n duisend aardse studiejare wyser en verstandiger. Aan U alleen ons ewige dank en al ons liefde en aanbidding!" **Ek** sê: "Wel nou, as dit vir jou nou ietwat ligter om die hart is, gaan ons dadelik na die tweede deur. Kyk, sy staan al `n rukkie oop!

## **`n Blik deur die tweede deur van die westelike wand. `n Middelson van `n hoër orde. Prag van stede en bouwerke. Skeppings van die instink of van ware wysheid?**

**Hoofstuk 297** Almal gaan nou deur hierdie tweede deur in die avondlike wand en sien daar `n tweede **middelson van `n hoër orde**, waar hele songebiede in enorme groot bane omheen sirkel, soos die planete rondom hulle planetêre son.

[2] Nou hef almal hulle hande omhoog en roep: "O Heer, o Heer, terug met ons! Dit is nie meer te verdra nie! Dit is tog `n lig, wat die van die vorige middelson **triljoenvoudig** moet oortref. Ons sien hier geen einde nie en kan ook geen vorms meer onderskei nie. O God, almagtige Heer van die oneindigheid! Wat `n enorme hoeveelheid lig! Wat `n ligintensiteit!"

[3] **Ek** sê: "Kyk maar `n rukkie daarin, dan sal julle jong oë wel daaraan gewoond word en julle sal dan ook vorms ontdek." **Robert** sê: "Alles goed en wel, as ons dit maar kan uithou! Dit is immers so `n intense ligsterkte dat hy die aarde in `n minimum van tyd tot `n volkome niks sou moet oplos. Ons oë is tog al taamlik aan lig van die sterkste kaliber gewoond, maar hier is dit vir my totaal onmoontlik om ook maar `n sekonde lank daarin te kyk. As U ons oë nie sal afskerm nie, sal ons nie in staat wees om die verskriklike sterk lig ooit te aanskou nie."

[4] **Ek** sê: "Wel, wel, dat jy tog elke keer alles beter wil begryp as Ek! Kyk maar net enkele sekondes lank in die lig, dan kan jy jou daarvan oortuig of dit dan nie te verdra is nie. Want kyk, julle moet hieraan gewoond raak om ook die sterkste lig te kan aanskou. Af en toe kom dit voor, dat Ek Self in die lig van die Godheid in My verskyn, waarby al die lig, vergeleke **die reinste, nag** is. Hoe sou jy My dan in so `n lig kon aanskou, as die geringe jou reeds so hinder? Daarom maar dapper daarin kyk, dan sal alles wel goed raak!"

[5] Na hierdie woorde begin **Robert**, aanvanklik vinnig knippend met sy oë, na hierdie groot middelson te kyk en sê na `n rukkie: "Vader, ek dank U vir so `n groot genade! Nou sien ek al vorms, maar dit is nog nie blywend nie, want die krag van die lig wis hulle nog van tyd tot tyd uit. Tog kom hulle steeds weer as dieselfde te voorskyn. O, dit moet `n buitengewoon wonderbaarlike wêreld wees! Werklik, so `n wêreld is ook al `n hemel, want daar moet dit baie heerlik te lewe wees, as mens eenmaal aan die lig gewoond is.

[6] Aha, nou ontdek ek `n enorme groot stad met spoggerige, pragtige bouwerke. Sy lyk soos U heilige stad wat verhewe is bo alle stede van die hele oneindigheid. Merkwaardig! Sover my oog reik, sien ek tuine en die pragtigste paleise in `n boustyl wat vir my volkome vreemd is. Enorme arkades strek hulle na alle rigtings uit; daarop staan die pragtigste pilare, waarop paleise van onbeskryflike skoonheid pryk. O, o, hoe skitterend is dit nie!"

[7] Nou begin ook al die ander meer konstant in die lig van hierdie tweede middelson te kyk en ontdek geleidelik ook dit wat Robert gesien het. Ja, enkeles sien nog meer. Daar word `n pragtige **plantewêreld** gewaar, `n hele spul **merkwaardige diere** van allerlei soorte en in die tuine wandel baie onbeskryflik **mooi gevormde mense.** Uit hulle vrolike bewegings is op te maak dat hulle uitermatig gelukkig en tevrede moet wees.

[8] Veral **Mathilde-Eljah** merk dit op en sê: "O God, wat `n onvergelyklike verskil tussen so `n wêreld en ons aarde! Daar is alles `n volmaakte hemel, maar op aarde is alles vergeleke met hierdie wêreld, die suiwerste hel. O, dit moet besondere goeie en wyse mense wees! Op hierdie wêreld sal sekerlik geen dood bestaan nie. Ook **lyk dit of hulle niks ouer word daar nie**. Oral straal ewige lente en elke gestalte blaak van blymoedige jeugdigheid. O God, o Vader, wat `n wêreld! Ook die diere lyk buitengewoon goedmoedig en **loop saam soos mak lammers.**

[9] O Heer, dit moet vir elk van U kinders tog `n groot genoegdoening wees om bestuurder van so `n wêreld te word. Ja, vir Uself moet dit `n groot vreugde wees om hierdie oorvloedige land te betree. Nee, daarna mag ek nie lank kyk nie. Dit sou my so swak maak, dat ek hierdie wêreld sou wil betree en met hierdie wondermooie mense nader kennis sou wil maak."

[10] **Peter** sê: "Jy kan dit wel probeer, maar dit sal jou wel sleg bekom. Hierdie wesens kan jou as gees uit die boonste hemel weliswaar gladnie sien nie, omdat hulle **tog nog min of meer deur die materie van hulle wêreld omvang is**. Ek het die sterk vermoede dat hierdie mense heeltemal geen dood, dit wil sê geen verandering ken nie. Hulle sal wel, soos jy nou sien, al vanaf hulle eerste ontstaan in hulle welgevallige, ewige lewe begin het. Hulle werk toon weliswaar dat daar `n baie groot wysheid onder hulle aanwesig is, maar as reël sou ek dit nou ook nie durf aanneem nie. Daar is op aarde immers ook allerlei diere, wat dinge tot stand kan bring wat `n wyse kunstenaar hulle nooit sal nadoen nie. Sou dit egter korrek wees as mens aan sulke diere `n Salomoniese wysheid toeskrywe? Eweneens kan dit ook by hierdie mense die geval wees. Hulle kan miskien meer instinkmatig ingestelde, as wyse mense wees en in die geval sou ons dan by hulle nou juis nie iets baie aantreklik vind nie. Wat sê jy daarvan?"

[11] **Eljah** sê: "Ja, jy het miskien nie heeltemal ongelyk nie. Maar te oordeel aan die groot verskeidenheid van wat hier te siene is, lyk dit tog of hierdie mense eerder egte wysheid besit, as om so `n hoë ontwikkelde instink te hê. Sulke bouwerke in so `n sierlike boustyl en hierdie pragtig aangelegde tuine, lewer die duidelikste bewys, dat in hierdie mense wat deur die sterkste lig omgewe is, meer as suiwer instink aanwesig is!" **Peter** sê: "Ja in dié opsig sou jy ook wel eens gelyk kon hê, maar ek bly tog meer by my mening."

[12] **Ek** sê: "Julle het in `n sekere sin beide gelyk! Maar omdat Ek al die derde deur geopen het, verlaat ons nou hierdie tweede en gaan dadelik deur die reeds geopende."